

“DIE SKURWE LIEFDE OM TE BESIT”: TEOLOGIESE RIGLYNE VIR SAKE-ETIEK

L.O.K. Lategan¹

'n Fisant wat broei op eiers wat hy nie gelê het nie, dit is die mens wat op oneerlike wyse ryk word – Jeremia 17:11

ABSTRAK

Hierdie artikel wys op die noodsaaklikheid van sake-etiek en die behoefte wat Christen-sakelui aan riglyne vir die bedryf van sake het. Om hierdie rede word teologiese riglyne vir 'n bedryf van 'n sake-onderneming aangelê. Afdeling 2 fokus op drie sleutelbegrippe, naamlik die mens as *rentmeester* van God se eiendom, die *sentrale liefdesgebod* en die *gesindheid* van die mens. Afdeling 3 wys daarop dat geen sake-etiek sinvol bedryf kan word sonder die kompromie nie. Afdeling 4 bespreek twee gevallestudies aan die hand van die beginsels vir sake-etiek. Die artikel sluit met vier belangrike riglyne vir sake-etiek.

THEOLOGICAL GUIDELINES FOR BUSINESS ETHICS

This article points out the importance of business ethics and the guidelines needed by Christian business people for participating in business activities. For this reason theological guidelines are provided for business activities. Section 2 focuses on three key concepts, namely man as *manager* of God's property; the *central love command* and the *religious conviction* of man. Section 3 argues that no business ethics can exist without understanding the role of compromise in daily life. Section 4 discusses two case studies against the background of values for business ethics. The article concludes with three important guidelines for business ethics.

1. DOELSTELLING: DIE NOODSAAKLIKHEID VAN ETIESE WAARDES IN DIE SAKEWÊRELD

Internasionale gebeure soos die 11 September 2001-aanval op die VSA, die Enron-skandaal en nasionale gebeure soos die King II Verslag oor Korporatiewe Bestuur en die vlag van ongemagtigde regeringspanderings, het die noodsaaklikheid van sake-etiek opnuut weer op die agendas van sake-ondernemings geplaas. Wat opval in hierdie groter wordende vraag na sake-

1 Prof. Laetus O.K. Lategan, Dekaan: Navorsing & Ontwikkeling, Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Bloemfontein, llategan@tofs.ac.za.

etiek is nie nét 'n stel waardes vir 'n sake-onerneming nie, maar ook die uitleef van hierdie waardes. Dit gaan nie meer oor 'n "tell me"-kultuur nie, maar oor 'n "show me"-kultuur (Visser & Sunter 2002:78). In 'n artikel oor sake-etiek in die gerespekteerde *Harvard Business Review* maak Lencioni (2002:113) 'n soortgelyke opmerking. Hy sê sake-etiek sonder impak is niksseggend. Dit het ongemotiveerde werknemers, ontevrede kliënte en ongeloofwaardige bestuursintegriteit tot gevolg. Fisher (2002) beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n etiese bestuurstyl. Hy sê goeie bestuurders het die morele integriteit om besluite te neem wat eties verantwoordbaar is.

Christen sakelui sal met hierdie standpunt saamstem: Waardes móét weer in die sakewêreld (of dit nou maatskappy, korporatiewe, industriële sakesektor of kleinsakeontwikkeling is) teruggevind word. Hierdie behoefte word ondersteun deur die *deugdeleer* (spesifiek geregtigheid/regverdigheid en matigheid/selfbeheersing), die *agste* ("Jy mag nie steel nie") en *tiende* ("Jy mag nie begeer nie") gebod. Christen sakelui vra ook leiding vir hulle benadering tot sake-etiek in 'n omgewing waar "financial re-engineering" dikwels die norm is. *Die oogmerk van hierdie artikel is derhalwe om teologiese riglyne vir die bedryf van 'n sake-onderneming neer te lê.*

Vir die doeleindes van hierdie artikel word *sake-etiek*² gedefinieer as normatiewe gedrag/optrede in die konteks van die sakewêreld. Waar etiek die studie van morele liefde is, bestudeer sake-etiek die wyse waarop hierdie morele liefde in die sakewêreld neerslag vind. Die sakewêreld word in hierdie artikel ook wyer verstaan as net die koop/verkoop van goedere. Binne 'n sakekonteks gaan dit ook oor die bestuur van mense, winsneming en sosiale verantwoordelikheid.

2. TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE BEDRYF VAN SAKE

2.1 Rentmeesters van die eiendom van God

Die Bybel ken God as die eienaar van die land. Hierdie eienaarskap word in die verbondsluiting vervat (sien Zimmerli 1978:65 e.v.). Wanneer die Israëliete in ballingskap is, is deel van die trauma dat hulle die land wat aan God behoort het, verloor het. Hoewel die land God se eiendom is, word dit aan die mens geskenk. In 'n teologiese sin besit die mens dus nie die land nie, maar hy bestuur dit vir God. God het besitreg en die mens het bestuurs-

2 Vir 'n uitgebreide verduideliking oor die betekenis van sake-etiek, sien Lategan (2002a).

verantwoordelikheid. Die besitreg word gekwalifiseer deur God se eiendomsreg en die bestuursverantwoordelikeid deur die geskenk wat 'n mens van God ontvang het. Zimmerli (1978:67) sê hiervan dat “Gift and commandment in this context, too, represent two sides of the same coin.”

Dieselfde beginsel wat op die land van toepassing is, is op al die ander besittings van toepassing: God is die Eenaar van alle besittings. Teologies gesien, besit geen mens dus *in beginsel* iets nie. Alles behoort aan God (Psalm 24:1, 50:16, Romeine 11:36). Heyns (1982:338, 340) noem dit die “teologiese dimensie van die agste gebod”. Die antropologiese dimensie word gevind in die besittings van die mens. In God se genade skenk Hy aan die mens besittings na sy welbehae (sien Levitikus 25:23 en verder) — wat nie neerkom op die oordrag van sy eiendomsreg nie (Heyns 1970:211). Die besittings van die mens is wel daar vir hom/haar om te geniet, maar moet ook tot diens van die mens, sy naaste en God wees (Douma 1988:78). In 'n religieuse sin is die mens dus geen eenaar nie, wel in 'n antropologiese sin. Hier kan sprake wees van myne en joune. God vereis dus 'n bepaalde omgang met besittings — teenoor God as Eenaar van alles, teenoor myself as ontvanger daarvan en teenoor my naaste as mede-ontvanger. Hierdie “omgang” met besittings veronderstel 'n bepaalde gesindheid teenoor besittings. 'n Belangrike rigtingwyser hierin is die eksegese van die agste gebod waaruit dit duidelik blyk dat oneerlike sakepraktyke, gierigheid en die onregmatige in besit neem van my naaste se eiendom net so eties afkeurenswaardig is as roof, diefstal en skelmstreke (De Klerk 1993:141). Die agste en die tiende gebod bied ook rigtingwysers vir vrae soos “Hoe kom ek aan besittings?” en “Hoe beskou ek besittings?” Vir enige sake-onderneming is die hantering van besittings belangrik: Besittings kan in wins omgesit word en enige sake-onderneming het immers *wins* as motief. Die appèl van beide gebooie is dat alle eiendom aan God behoort; derhalwe moet 'n mens daarmee verantwoordelik handel. Besittings mag nie oneerlik bekom word nie; daarvoor moet gewerk word. Geen mens het die reg om die besittings van sy naaste toe te eien nie — nie in daad (byvoorbeeld diefstal, bedrog) of in gesindheid (begeerte) nie. 'n Kernwaarde in die eindomsreg verleen deur God is dat God se eiendom in stand gehou word deur my eie eiendom en dié van my naaste in stand te hou. Respek word dus opgeëis vir alle vorme van eiendom. Zimmerli (1978:135) skryf:

Here, too, it is important not to find something like the notion of the “sancity of private property” in the commandment. God’s protection of the property of others is based on the idea that God gave the property in the first place, and that this gift is inviolable.

In die omgang met die eiendom van God is 'n mens 'n *rentmeester*. As beeld van God (*analogia fidei*; sien Van de Beek 1996:116 e.v.) beskou, is daar 'n intieme verhouding tussen God en mens. Die mens tree in opdrag van God in hierdie wêreld op. God bepaal die inhoud van hierdie verhouding. Van de Beek (1996:118) sê dat alle antwoorde van die mens 'n “wederwoord” is op die woord wat God spreek. God stuur dus hierdie verhouding. Rentmeesterskap gaan dus oor verteenwoordiging. Von Rad (1972:60) benadruk hierdie verteenwoordiging met die volgende eksegetiese opmerking:

Just as powerful earthly kings, to indicate their claim to domination, erect an image of themselves in the provinces of their empire where they do not personally appear, so man is placed upon earth in God's image as God's sovereign emblem.

Velema (1996:29-30) bou hierop voort. Verteenwoordiging veronderstel vennootskappe. Hy skryf dat God en mens in 'n vennootskap met mekaar staan. Beide partye moet sorg dra vir die skepping — God deur die natuurwette en die mens deur die skepping te bewoon, te bewerk en te bewaar. Dit is 'n *a priori* dat God en mens nie op dieselfde wyse vir die skepping kan sorg dra nie. Velema lê verder klem daarop dat God die skepping uit vrye wil geskape het. Daarom moet die skepping tot die lof van God getuig (Openbaring 4:11, Handeling 4:24). Ook dít is deel van die rentmeesterskap van die mens. Hy/sy moet so met die skepping as besitting handel dat God ook deur hierdie skepping geloof kan word.

Die afleiding wat uit die verleende eiendomsreg gemaak kan word, is dat geen mens onverskillig met sy eie besittings of die van ander mag handel nie. Alle besittings is deur God aan die mens verleen en hy (die mens) moet rentmeesterskap hieroor uitoefen. 'n Rentmeester in Bybelse sin beteken om die besitting in stand te hou, te vermeerder sonder om die risiko te loop om die besitting te verbeur en waarde aan die besitting toe te voeg (die besitting se waarde te verhoog). Dit gaan dus oor die liefdevolle omgang met jou en jou naaste se besittings. Besittings is 'n subjektiewe regsbelang — 'n mens kan daarvan afstand doen. Dit is in teenstelling met die lewe van die mens wat 'n subjektiewe reg is en waarvan 'n mens nie na willekeur van kan afstand doen nie. 'n Mens kan van iets afstand doen as dit vir jou voordeling is. Besittings het 'n markwaarde as dit in aanvraag is en ook as dit bekend is dat die bepaalde item nie vir 'n mens nadelig is om dit te besit nie. 'n Mens moet van besittings afstand doen as jy nie meer daarvoor sorg dra nie. Derhalwe moet jy daarvan ontslae raak om verdere verliese te voorkom. Die vashou aan sake wat nie meer winsgewend is nie, gaan teen alle sakesin in.

2.2 Die liefdesgebod

Anti-normatiewe optrede veronderstel 'n liefdelose gesindheid teenoor God en die naaste. Die *self* kan nie hierby uitgesluit word nie. Anders gestel, die liefdelose optrede kan ook teenoor die besittings van die self wees. Hierdie self is egter geen ideologiese verheffing van die self nie (selfisme) maar 'n uitleef van die sentrale liefdesgebod wat gebied dat die naaste soos die self liefgehê (Matteus 22:34-40) moet word. Hierdie self het nie sy oorsprong in die *personalisme* nie. Personalisme veronderstel 'n subjek-subjek verhouding (uit liefde vir myself sal ek die besittings van my naaste nie oneer aandoen nie). Die liefdesgebod het 'n *selfwaarde* waarin die normatiewe keuses van die mens noodwendig die objektiewe verskeidenheid van die werklikheid sal beïnvloed (sien Lategan 2001a:15-16). Die sentrale liefdesgebod kan egter nooit van die mens se gehoorsaamheid teenoor God losgemaak word nie. In hierdie konteks kan 'n mens by die gehoorsaamheidsteologie van J.A. Heyns aansluit (1972). Hierdie model is besonder nuttig vir die bedryf van sake. Gehoorsaamheid is 'n "hoor" uit die religieuse hart van die mens en 'n "antwoord" in die konkrete situasie waarin die mens aangespreek word. Dit veronderstel die *norm* van gehoorsaamheid wat eerbiedig moet word en die situasie waarop gehoorsaam geantwoord moet word. Die waarde van hierdie model is daarin geleë dat alle sakehandelinge normatief onderneem moet word. Hierdie normatieweit het met die eie-aard van sake-ondernemings te doen, naamlik winsneming wat volhoubaarheid meebring en nie die koper uitbuit of die bron uitput nie. Wat hier duidelik na vore kom, is die subjek-objek verhouding waarna hierbo verwys is. 'n Teologie van gehoorsaamheid akkommodeer dus nie net die subjek-objek verhouding nie, maar gebied ook gehoorsaamheid binne hierdie subjek-objek verhouding. Gehoorsaamheid is ook 'n uitvloei van die sentrale liefdesgebod wat horisontale en vertikale liefdesrelasies veronderstel. Toegepas op die bedryf van sake kan ek 'n mens sê dat liefde (as *agape*) altyd in die bedryf van sake teenwoordig moet wees. Dit beteken dat 'n mens so met sy eie besittings sal omgaan, dat waarde daaraan toegevoeg moet word. Die "oppas" van besittings beteken nie dat daarvan 'n afgod gemaak moet word nie. Besittings moet ook nie 'n ideologie van valse gerustheid skep nie. Liefde vir 'n mens se besittings beteken om na 'n mens se besittings om te sien vir wat dit is. Hierdie liefde vir 'n mens se besittings moet deurvloei na die besittings van die naaste. In Amos 3:9-15 word 'n waarskuwing gerig aan almal wat hulle naaste se besittings beroof en ook hulle naaste geweld aandoen deur hulle besittings. Die rykdom wat die inwoners van Samaria in hulle mooi huise herberg, het hulle deur geweld en verdrukking bekom. Snyman (1992:154) sê hiervan dat die Israëliete daardeur die algemeen geldende en normale patroon van

optrede teenoor mekaar verontagsaam, 'n patroon van optrede wat selfs deur die heidennasies eerbiedig is. Hy beoordeel die gebeure in Amos 3 as 'n "daad van liefdeloosheid teenoor die naaste en dus 'n oortreding van die sentrale liefdesgebod van Jesus Christus" (Snyman 1992:155). Dit is duidelik dat enige vorm van ekonomiese uitbuiting (buitensporige winsgrense, misleidende advertensies, die maklike verskaffing van krediet, ens.) sonde is. Geen sake-etiek kan vrede hê met 'n omgewing waarin 'n groep mense die prooi word van 'n ander groep se skurwe liefde om te besit nie.

2.3 Gesindheid

Gesindheid speel in die (Christelike) etiek 'n belangrike rol (sien Douma 1983:21-22). 'n Voorbeeld hiervan is die reikwydte van die agste gebod wat verder strek as net die besittings van die naaste. Sake soos hebsug, bedrog, verkwisting, bedrieglike voorwendsels, sosiale onreg, ensovoorts word aan hierdie gebod verbind (Douma 1988:65-6). De Klerk (1993:113) sê hiervan dat die regte gesindheid tot en gehoorsaamheid aan die tien gebooe 'n uitdrukking is van vrome dankbaarheid en dat dit dwaling vermy. Elkeen moet hom/haar voortdurend afvra: Wat beoog ek hier? Wat wil ek bereik? Waarom doen ek dit? Elke gesindheid moet ook vir die gevolge van die gesindheid begroot. Ek kan nie maar net iets doen omdat dit reg "lyk" nie — néé, ook die gevolge van my optrede moet eers verreken word. Hoewel die gesindheid dus van uiterste belang is, is dit iets wat te maklik met moralisme verwar word. Die stelling word dikwels gemaak dat daar geen sentiment in die sakewêreld is nie — dit gaan oor die oorlewing van die sterkstes. Rand en sent het 'n krediet- en 'n debietkant. 'n Studie in Kalifornië het bevind dat etiek in die sakewêreld van mindere belang is. In die studie word bevind dat:

Failure to perform, be a team player and avoid gross transgressions such as stealing, lying, or drinking on the job was hazardous. Poor performance was the surest way of earning discipline. In contrast, unethical behaviour was rarely mentioned (Badaracco & Webb 1995:13).

Die Bybel waarsku teen 'n gesindheid net ter wille van die self en ten koste van die naaste. 'n Voorbeeld hiervan word in die Lukasevangelie gevind. In dié Evangelie betoon Lukas 'n besondere belangstelling in die omstandighede van mense. Hy gee aandag aan diegene wat in die samelewing van sy tyd aan die korste end getrek het. Hy fokus onder meer op individue (Sagaria, Saggeus), sosiale uitgeworpenes (die barmhartige Samaritaan), vroue en kinders. In aansluiting hierby stel Lukas ook belang in sosiale verhoudings en lewer hy kommentaar op rykdom en armoede (Du Plessis 1980;

Guthrie 1970). Wat laasgenoemde betref, gaan dit nie oor 'n veroordeling van rykdom en armoede nie, maar eerder oor hoe die armes dikwels deur die rykes uitgebuit word (Guthrie 1970:92). Lukas se kommentaar op rykdom en armoede laat die klem veral val op die *gesindheid* van 'n mens teenoor sy naaste. Die arm weduwee se twee muntstukke getuig dat sy alles (hoe min ook al) wat sy het tot die beskikking van die Here stel (Lukas 21:1-4). Die Barmhartige Samaritaan se gesindheid is dat, al is Samaritane sosiale uitgeworpenes van die samelewing, hy nogtans hulp verleen aan diegene wat hom as uitgeworpene beskou. Wat verder opval, is dat hy ook sy geld gee sodat die gewonde man gehelp kan word. 'n Positiewe gesindheid sluit ook die beskikbaarheid van my besittings in (Lukas 10:25-37). As Saggeus die Here ontmoet, is sy gesindheid van so 'n aard dat sy onvoorwaardelike afstanddoen van sy besittings van sy bekering moet getuig (Lukas 19:1-10). Daarteenoor plaas die ryk man weer alle vertroue in sy besittings. Vir hom is sy besittings nie meer 'n objek; dit word die subjek van sy bestaan. Sy besittings moet sy veiligheid waarborg en verseker (Lukas 18:18-30). Wie só oor besittings raak, het 'n obsessie daarmee ontwikkel. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat rykdom en ook armoede meer as 'n materiële verskynsel is. Dit aktiveer ook 'n bepaalde gesindheid. Wat Lukas leer, is dat 'n mens, ongeag sy/haar finansiële omstandighede, nogtans 'n gesindheid moet openbaar wat getuig van sy/haar verlossing (sien Du Plessis 1980). Hierdie gesindheid van die Koninkryksburgers word in die tiende gebod teruggevind. Die ander nege gebooie fokus op die dade jeens God, die naaste, die self en die lewe, maar in die tiende gebod word

achter die daden gekeken naar het onstuimige hart en naar de stappen die de mens zet om zijn — in het hart gesmede — plannen uit te voeren (Douma 1988:130).

2.4 Samevatting

'n Christelik-geörienteerde sake-etiek se vertrekpunt is dat God die Eienaar van alles is en dat die mens net 'n rentmeester van die skepping kan wees. Hierdie rentmeesterskap beteken dat eiendom vermeerder en bewaar moet word. Die eiendom sluit die van die self en ook die naaste in.

'n Saak wat van naderby beskou moet word, is die die plek van die kompromie in sake-etiek. Geen sake-onderneming kan hieronder positief ontwikkel nie.

3. DIE PLEK VAN DIE KOMPROMIE IN SAKE-ETIEK

Die vraag word dikwels gevra of die bedryf van sake net altyd 'n wit/swart of reg/verkeerd-benadering vereis. Is daar nie grys areas (*adiafora*) nie? Die volgende word as voorbeeld genoem. 'n Verkoopsagent van 'n groot kinderkleregroep lig 'n nuwelingaankoper in dat voor elke koopseisoen daar na sy "spesiale behoeftes in die vorm van 'n bonus" omgesien is. Die afleiding is dat die agent "geld onder die tafel" gekry het om te "verseker" dat die winkelgroep voorkeur kry by die aankoop van die kinderklere (sien Fisher 2002). In 'n klasbespreking aan die Bestuurskole van St. Louis in die VSA en die Universiteit van die Vrystaat het sommige studente geredeneer dat dit normale sakepraktyk is terwyl ander weer die mening gehandhaaf het dat dit met hulle morele oortuigings bots. Die afleiding is dat waar dit vir party deel van die kompeterende voordeel van sommige maatskappye is, ander weer die saak sal interpreteer as strydig met hulle godsdienstige oortuigings. Dit is hier waar die kompromie ter sprake kom.

Die kompromie kan gedefinieer word as 'n onafwendbare keuse tussen twee beginsels wat nie in een situasie *gelyktydig* gekonkretiseer kan word nie. Hierdie botsende norme as gevolg van die situasie het 'n botsing van pligte tot gevolg. Die kompromie gaan dus om die probleem van gelyktydige normrealisering. Om hierdie botsing van pligte te voorkom, word 'n kompromie in grenssituasies aangegaan. Voorbeelde van die kompromie in die etiek is legio: Die ontkoppeling van lewensondersteunende apparaat aan 'n komateuse pasiënt; 'n aborsie in die geval waar die volhou van die swangerskap die lewe van die moeder bedreig; 'n soldaat wat sy swaar gewonde makker skiet sodat hy nie in die hande van die naderende vyand val nie; weerstand teen die gedwonge verskuiwing van mense; die vertel van die waarheid wanneer die vyand navraag doen na die skuilplek van 'n soldaat; die vrou wat in 'n geval van noodweer die verkragter noodlottig wond; valutabeheer in tye van oorlog; stakings deur noodpersoneel, ensovoorts. In hierdie voorbeelde word die kompromie die keuse tussen die minste van twee euwels. Dit is 'n euwel om 'n swangerskap te beëindig, maar dit is 'n groter euwel om met die volhou van die swangerskap die moeder se lewe in die gevaar te stel; dit is 'n euwel om 'n leuen te vertel, maar dit is 'n groter euwel om tydens oorlog 'n soldaat in die hande van die vyand te laat val; dit is 'n euwel om een mens bo 'n ander te bevorder om geslagsgelykheid en/of rassegelykheid in die werkplek te bring, maar dit is 'n groter euwel om belangegroep te uit te sluit net omdat hulle nie voorheen die geleentheid gehad het om hulle vaardighede te ontwikkel nie. Die keuse tussen die minste van twee euwels moet altyd daarop gerig wees om die minste lyding

en skade te berokken, maar altyd die meeste liefde te beliggaam. Dit moet duidelik gestel word dat die kompromie nie dieselfde as *konsensus* is nie. Die verskil tussen 'n kompromie en konsensus is daarin geleë dat in geval van 'n kompromie 'n keuse gemaak moet word te midde van 'n situasie van die onmoontlikheid van gelyktydige normrealisering, terwyl daar by konsensus wel van 'n uitweg sprake is. In die voorbeeld van noodweer kan daar nie soos in die geval van die verkoop van 'n motor op 'n alternatiewe moontlikheid besluit word nie. Kenmerkend van konsensus is dat dit 'n geval is van gee en neem om 'n aanvaarbare skikking te vind. Konsensus gaan dus om 'n verskil in standpunte uit die weg uit te ruim. Verskeie voorbeelde kan die onderskeid tussen konsensus en kompromie duideliker maak. Iemand wat steel omdat hy/sy broodgebrek ly, kan nie die daad as 'n kompromie regverdig nie. Die arm man kan by 'n welsynsorganisasie om hulp gaan aanklop, peuselwerk doen, informele handel dryf — selfs bedel. Aangesien die arm man wel 'n ander uitkoms as die moreel verkeerde keuse vir diefstal het, is in hierdie geval nie van 'n kompromie sprake nie. Die arm man se keuse vir diefstal konstitueer nie die keuse vir die minste van twee euwels nie (Lategan 2002b).

Die volgende voorbeeld sal die noodsaaklikheid van die samehang van die kompromie, konsensus en spaarsaamigheid of die nie-vermorsende omgang met ekonomiese middele (as kwalifiserende eienskap van die ekonomie) illustreer. Tylenolvergiftiging het twee keer voorgekom in die geskiedenis van die bekende Johnson & Johnson-groep in die VSA. Hoewel geïsoleerde vergiftigingsvoorvalle voorgekom het, was die vraag die hoe om die belange van die koper en die maatskappy in balans te hou. Die vergiftiging was 'n sabotasie-insident waar sianied in van die verpakings van die Tylenol geplaas is. Tot op dié stadium is Tylenol bemark onder die slagsprek "Hospitals trust Tylenol." Verskeie meganismes is in werking gestel om die saak te beredder. Aanvanklik is die kwaliteitskontrole aangespreek deur die produk nie meer in 'n kapsuleformaat te vervaardig nie en advertensieveldtogte om die veiligheid te bemark. Tydens die tweede sabotasie-insident is die middel van die mark onttrek. Johnson & Johnson het deurgaans hulle visie onderskryf:

We believe our first responsibility is to the doctors, nurses, patients, to mothers and all others who use our products and services (Kyk Badaracco 1998:373-394).

In die bestudering van hierdie gevallestudie is dit duidelik dat die belange van die kliënt en die sake-onderneming met mekaar gebots het. Die kliënt wil waarde vir geld en 'n veilige produk hê. Johnson & Johnson doen sake om wins te maak, maar hulle winsgerigtheid word geregleer deur

hulle visie wat die veiligheid van hulle kliente vooropstel. Die euwel is om mense aan skadelike produkte bloot te stel. Dit is egter 'n groter euwel om die voordele van die produk (toe 'n alternatief vir aspirien) totaal van die mark te onttrek sonder dat die rede(s) vir die onveiligheid eers vasgestel is. Die konsensus was om die medikasie met 'n bepaalde reeksnommer waarin die gesaboteerde kapsules was, summier van die mark te onttrek. Die kompromie was om die produk te ondersoek, die kwaliteitskontroles te verbeter en die produk weer eens te bemark. Die visie van die instelling was hier van belang. Die kompromie het nie die lewens van mense verder bedreig nie; veiligheid is bo winsneming gestel. Die belangrike afleidings wat ons hieruit kan maak, is:

- Die veiligheid van lewens is nooit sekondêr nie — elke sake-onderneming moet ditself altyd afvra of mense se lewens nie deur die sake-onderneming in gevaar gestel word of beroof kan word nie.
- Elke sakepraktyk moet normatiewiteit as vertrek punt hê. Sonder etiese waardes kan geen sake-onderneming op morele liefde aanspraak maak nie.
- Die bedryf van sake vereis onmiddellike optrede voordat enige krisis afmetings kan neem. In 'n krisis is wins 'n oorweging maar ook die beeld van die maatskappy/sake-onderneming, kliënteverhoudings (“the returning customer”) en die wyse waarop die mense se lewens kan beïnvloed.
- Waardegedrewe bestuurstyle (“value driven leadership”) word gekenmerk deur optrede in 'n krisis wat konflik ontloot en nie paniek saai nie.

4. TEOLOGIESE KOMMENTAAR OP GEVALLESTUDIES IN SAKE-ETIEK

4.1 Kathryn McNeil

4.1.1 Agtergrond

In die gevallestudie “Kathryn McNeil” word die dilemma geskets van die keuse tussen persoonlike verantwoordelikheid en professionele verbintenis. Die outeur van die gevallestudie beskryf by monde van een van die karakters in die gevallestudie, Charles Foley, die probleem:

He (Foley) wondered, however, if he could fire an otherwise hard-working employee simply because she sometimes placed her responsibilities to her son ahead of her responsibilities to her employer (Bardacco 1998:241).

Kathryn McNeil is 'n enkelouer van 'n seun, Scott. Haar lewe wentel elke dag net om haar huis, werk en kinderoppasser. Op 'n dag was die seun siek en Kathryn moes vroeg van die werk af gaan om na die kind om te sien. Die volgende dag moes sy 'n dag verlof neem om die seun, 'n asmaleier, dokter toe te neem. Dit het (toevallig) saamgeval met 'n belangrike vergadering waartydens die hoof van die onderneming hulle sou toespreek. Kathryn se lynbestuurder, Lisa Walters, se reaksie was: "We'll just have to deal with the consequences" (Badaracco 1998:235).

Die situasie by die werk was ook aan die verander as gevolg van 'n moontlike samesmelting met 'n ander maatskappy. Lisa Walters het geoordeel dat personeel voortaan tot 21:00–22:00 saans moet werk asook 'n deel van Saterdag. Dit moes gedoen word sonder enige ekstra vergoeding. Die konsekwensie vir Kathryn was nog minder tyd saam met Scott. Soos die situasie reeds was, het Kathryn gedurende die week geen tyd gehad om met haar seun tyd te spandeer nie. Die onderwyser het ook begin kla dat die seun slaperig in die klas was. Kathryn het ook probleme begin kry om 'n kinderoppasser vir die aande te vind.

Professioneel gesien, was Kathryn 'n baie goeie werker — haar verslae was altyd betyds en goed geskryf. Sy het goeie werksverhoudings gehad en het kontak met haar bedryf behou. Hoewel sy baie hard gewerk het, het dit vir haar net begin voel dat sy die mas nie kan opkom nie. Kathryn het konflik beleef: Sy het die geld nodig om haar seun te onderhou, maar het al hoe minder tyd om saam met hom deur te bring. Soos dit toe gaan, was daar ook nie 'n kans vir verbetering nie omdat daar van hulle verwag word om harder en langer ure te werk.

Kathryn is nie al een wat deur die situasie geraak is nie. Charles Foley, die vise-president vir produkkontrole, is ook deur die werksomstandighede beïnvloed. Sy persoonlike omstandighede verklap iets van die moraal van die mense:

He normally arrived home when his children were already asleep and left before they awoke. At night, he barely had enough energy to speak to his wife before he faded off to sleep, exhausted from a day of wading through stacks of reports (Badaracco 1998:239).

4.1.2 Bespreking

Sake-etiek gaan nie net oor die koop en verkoop van goedere nie, maar ook oor die bestuur van mense in die proses van handeldryf. Die gevallestudie hierbo bespreek, is 'n goeie voorbeeld van hoe bestuur, produktiwiteit en verhoudings deur 'n handelsaktiwiteit geraak kan word. Dit is in hierdie

konteks waar sake-etiek in die visier kom. Uit die bondige beskrywing van die situasie is dit duidelik dat die mededingende voordeel wat die maatskappy moet behou 'n bedreiging word vir verhoudings binne én buite die maatskappy en dat die winsmotief die enigste maatstaf geword het. Kathryn kan ten spyte van deurlopende werk skaars by al haar werk uitkom. Charles Folley bestuur nie meer nie, maar kontroleer verslae. Kathryn en Charles se gesinsverhoudinge het ook onder die situasie begin ly — Kathryn het nie meer tyd vir haar seun nie en Charles kan skaars tyd vind vir 'n gesprek met sy gesin.

Die situasie word deur die teologiese verstaan van sake-etiek afgewys. 'n Christelike sake-etiek sal winsnememing ondersteun, maar nooit ten koste van mense nie — iets wat in hierdie gevallestudie wel plaasgevind het. 'n Verdere probleem is meganistiese bestuur van mense — 'n stylbenadering wat mense tot robotte degradeer en nie ruimte laat vir persoonlike situasies (soos 'n siek kind nie). Die afleiding hieruit is dat die Christelike etiek altyd die norm van die situasie moet bevorder en terselfdertyd sorg moet dra dat persoonlike verhoudinge nie die norm van die situasie moet bedreig nie, maar ook dat die norm van die situasie nooit so absoluut mag word dat die mens in sy verhoudinge nadelig raak nie.

4.2 “The parable of the Sadhu”

4.2.1 Agtergrond

Bowen McCoy is 'n New Yorkse bankier met die lewensdroom om die Himalajas te klim. Tydens 'n sabbatsverlof van die bank het hy die tog onderneem. Die oggend voordat die kruin bereik sou word, het die gids op 'n sterwende heiligman, “'n Sadhu”, afgekom. Die keuse moes gemaak word tussen die lewe van die “Sadhu” en die verdere tog na die kruin van die berg. Word vir die man se lewe gekies, beteken dit die terugdraai omdat voorraad en tyd dit nie langer sou toelaat om weer die tog na die kruin aan te pak nie. Indien gekies word om voor te gaan met die tog, sou dit die dood van die “Sadhu” beteken omdat daar geen hulp beskikbaar was nie. McCoy gee geen antwoord op wat besluit is nie, maar maak die gevallestudie van toepassing op die rol van die individu binne 'n groep (die werknemer en die werkgewer) en die wyse waarop die groep (die werkgewer) die individu (die werknemer) kan ondersteun. Twee redes word hiervoor aangebied:

No one person was willing to assume ultimate responsibility for the sadhu. Each was willing to do his bit just so long it was not too inconvenient. When it got to be a bother, everyone just passed the buck to someone else and took off (McCoy 1997:5).

What are the practical limits of moral imagination and vision? Is there a collective or institutional ethic that differs from the ethic of the individual? At what level of effort or commitment can one discharge one's ethical responsibilities? (McCoy 1997:5).

4.2.2 Bespreking

McCoy (1997:5) maak die opmerking dat etiese dilemmas in die bedryf van sake onvermydelik is. Wat belangrik is, is dat daar eenstemmigheid moet wees oor die proses/manier waarop dilemmas hanteer moet word: "... it is essential that managers agree on a process for dealing with dilemmas." In die sakekonteks is die dilemma dikwels die belang van die individu (werknemer) versus die groep (werkgever).

Uit 'n teologiese raamwerk sal beswaarlik vir die een of die ander gekies kan word. Die groep kan nie ten koste van die individu bestaan nie, net so min as wat die individu kan bestaan sonder die groep. Die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan is hiervan 'n voorbeeld. Die gewonde man is afhanklik van die ondersteuning van die groep (die Samaritaan wat hom te hulp snel, die herbergier wat hom moet versorg, ens). Die optrede van die groep (die kerkman en die leviet) word deur hulle onbetrokkenheid by die individu beoordeel (sien Lukas 10). In lyn hiermee is die sentrale liefdesgebod (Matteus 22:36-40) 'n appél op 'n groep: die liefde teenoor mekaar en God. Hierdie groep word deur die individu gekwalifiseer: "*Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*"

Niemand bestaan net vir hom/haarself nie. Die individu het 'n belang teenoor die sinvolle funksionering van die groep en die groep kan nie bestaan asof daar geen individue is nie. In beide gelykenisse hierbo kan die individu nie hulp verleen nie. Die individu is afhanklik van die groep. Met hulle herstel, word hulle egter in 'n posisie gestel om deel van die groep te wees wat individue ondersteun. Heyns (1975:98) merk hierop op dat die onwilligheid om mekaar te help deur die geskiedenis beoordeel word, maar dat die (Samaritaan se) bereidheid om te help, die bevel van die geskiedenis word.

5. TEOLOGIESE RIGLYNE VIR SAKE-ETIEK

Teen die agtergrond van die bespreking tot dusver, kan die volgende teologiese riglyne vir die sake-etiek aangebied word:

- Die Bybel keur nie 'n winsmotief af nie, maar wel wins ten alle koste. Wins mag nooit lei tot die uitbuiting van die naaste nie. Hiermee word 'n beperking dus op sake-ondernemings geplaas: Die doen van sake ten koste van die naaste, die self, persoonlike en sosiale verhoudings is onaanvaarbaar.

- Alles wat 'n mens ontvang, kom uit die hand van die Here (Ps. 16:5-6). Die wyse waarop iets bekom word, moet altyd verreken word. Die vraag moet voortdurend gevra word of 'n mens nie dalk iets verkry het ten koste van die naaste en die omgewing nie, want die uitbuiting van mens- en natuurpotensiaal is afkeurenswaardig.
- Besittings is noodsaaklik om welvaart te skep en kan die lewensomstandighede van mense verruim. Besittings kan egter nooit die objek van 'n mens se bestaan word nie. Besittings is 'n seën van die Here en moet as sodanig benut word. Besittings mag egter nooit misbruik word vir persoonlike gewin nie; ook nie om 'n mens se naaste tot nadeel te wees nie.
- In enige sake-onderneming/-transaksie moet 'n mens ás mens steeds kan gedy. Dit gebeur te veel dat sake-ondernemings en sakepraktyke 'n mens verontmenslik deurdat die doel van die onderneming die rede vir die bestaan van die mens word. So 'n houding is antropologies onaanvaarbaar en word vanuit die sentrale liefdesgebod veroordeel.

BIBLIOGRAFIE

BADARACCO J L & WEBB A P

1995: Business ethics: a view from the trenches. *California Management Review* 37(2):8-28.

BADARACCO J L

1998. *Business ethics: role and responsibilities*. New York: The McGraw-Hill Companies.

DE KLERK J J

1993. *Die kategismus: temas en skemas*. Bloemfontein: VCHO.

DOUMA J

1983. *Verantwoord handelen*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg.

1988. *De Tien Geboden. Deel 3*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg.

DU PLESSIS I J

1985. Die Evangelie volgens Lukas: inleiding en teologie. In: A. B. du Toit (red.), *Handleiding by die Nuwe Testament. Deel IV* (Pretoria: NGKB), pp. 151-201.

GUTHRIE D

1970. *New Testament Introduction*. London: Inter-varsity Press.

FISHER J E

2002. The practice and purpose of teaching business ethics. In: L. O. K. Lategan & P. Le Roux (eds.), *Business Ethics* (Bloemfontein: Tekskor), pp. 93-101.

HEYNS J A

1970. *Die nuwe mens onderweg*. Kaapstad: Tafelberg.

1972. *Lewende Christendom: 'n teologie van geboorsaamheid*. Kaapstad: Tafelberg.

1975. *Teologie van die revolusie*. Kaapstad: Tafelberg.

1982. *Teologiese Etiek. Deel 1*. Pretoria: NGKB.

LATEGAN L O K

2001a. Ethics in higher education: arguments for a framework related to Academia's responsibility. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 37(1 & 2):61-70.

2001b. Die normatiewe universiteit: 'n biografie van 'n filosoof. In: L. O. K. Lategan, D. F. M. Strauss & J. C. Van der Merwe (reds.), *Die etos van menswees: opstelle in die etiek en filosofie* (Bloemfontein: VCHO), pp. 9-23.

2002a. Teaching business ethics. In: L. O. K. Lategan & P. Le Roux (eds.), *Business Ethics* (Bloemfontein: Tekskor), pp. 102-120.

2002b. Die kompromie in die etiek: méér as net 'n besluitnemingsfiguur in die etiek. *NGTT* 43(3 & 4):478-486.

LENCIONI P M

2002. Making your values mean something. *Harvard Business Review* July, pp. 113-117.

MCCOY B

1997. The parable of the Sadhu. *Harvard Business Review*. Reprint 97307.

SNYMAN S D

1992. Politiek in die preek. 'n Illustrasie uit Amos 3:9-15. *NGTT* 33(2):150-157.

VAN DE BEEK A

1996. Geschapen in Gods beeld. *NGTT* 37(1):115-125.

VELEMA W H

1996. *Door het Woord bewogen*. Leiden: Uitgeverij J.J. Groen & Zoon.

VISSER W & SUNTER C

2002. *Beyond reasonable greed: why sustainable business is a much better idea!* Cape Town: Human & Rousseau/Tafelberg.

VON RAD G

1972. *Old Testament Theology. Volume One*. London: SCM Press.

ZIMMERLI W

1978. *Old Testament Theology in outline*. Edinburgh: T & T Clark.

Lategan

Teologiese riglyne vir sake-etiek

Trefwoorde

Keywords

Teologiese etiek

Theological ethics

Sake-etiek

Business ethics

Kompromie

Compromise